NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 4

23 Februarie 2023

# Turkye-aardbewing en vloede in Suid-Afrika

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ons is nie onbekend met rampe nie. Inteendeel, in Suid-Afrika word rampe sommer maklik aangekondig! Maar daar is sekere rampe waar ons, as gelowiges, 'n verskil kan maak in die lewens van dié wat daardeur getref is.**

**Aardbewing in Turkye en Sirië**
'n Mens se hart krimp ineen as jy hoor en sien hoe mense en ook klein kindertjies vir dae lank in ysige koue onder puin en beton vasgevang is; as jy in nuusberigte mense sien wat rondloop en snikkend soek na geliefdes; mense wat vertel hoe hul hele gesin uitgewis is, en hulle alleen agtergebly het.

Daarom het die Algemene Diakensvergadering (ADV) besluit om onmiddellik R30 000 te skenk. Die geld gaan direk in 'n spesiale rekening van die Turkse Ambassade in Pretoria vanwaar hulle die nodige aankope in Suid-Afrika sal doen soos komberse, kragopwekkers, winterklere, tente, medisyne, ensovoorts. Elke aand vertrek 'n vragvlug van Turkish Airlines vanuit Johannesburg direk na Turkye met al die skenkings aan boord, vanwaar die hulp dan versprei word aan die gebiede wat die ergste geraak word deur die aardbewing.

Hoewel Turkye hoofsaaklik 'n Moslem-land is, is daar tog 'n beduidende hoeveelheid Christene wat hul geloof vrylik kan beoefen. En waar hulp uit Suid-Afrika juis vanuit Moslem-geledere gegee is, behoort ons as Christene ook in dankbare barmhartigheid uit te reik. Gemeentes wat wil bydra, kan dit by die ADV Rampfonds inbetaal met verwysing 16RAMP TURK + gemeentenaam.

**Vloede in Suid-Afrika**
Op eie bodem beleef ons op baie plekke vloede. Merkwaardig genoeg, het dit nog baie min gebeur dat gemeentes hulp gevra het wanneer hul gemeenskap deur vloede getref is. Ons is gewoonlik so dankbaar vir die reën dat vloede ons nie maklik van stryk bring nie. Tog wil ons juis gemeentes uitnooi om, indien u hulp benodig met hulpverlening in vloedgeteisterde gebiede, met my te skakel by **gerhard@diakens.co.za**.

**Bydraes tot die Rampfonds**
Gemeentes en individue wat wil bydra tot die Rampfonds, kan dit by die Raad van Finansies inbetaal:

Rekeningnommer: 020000287
Bank: ABSA
Takkode: 632005

Gebruik asb die volgende verwysings:

Turkye-aardbewing: 16RAMP TURK + naam (gemeente of individu)
Vloede: 16RAMP VLOED + naam (gemeente of individu)

Stuur ook 'n bewys van betaling na **gerhard@diakens.co.za**.

Indien 'n individu of besigheid belastingvrystelling vir hul skenking wil ontvang, kontak my gerus by dieselfde e-posadres.

Baie dankie vir soveel gemeentes en individue wat altyd hul harte en hande oopmaak om dié te help wat nood het!

**Ds Gerhard Stoltz**
**Sekretaris: Kommissie van die ADV**

## Lief en leed

- **Mev Marie Wagner** (78), skoonmoeder van ds GF (Frikkie) van Wyk van Montana-Oos, is Donderdagoggend 16 Februarie in die Pinehaven-kliniek in Krugersdorp oorlede nadat sy geruime tyd siek was. Die troosdiens op Dinsdag 21 Februarie in Gemeente Sionspoort is gelei deur dr JH (Johan) van Staden. Ons innige simpatie gaan aan haar man, Des, haar dogters Sanet en Louise, en hul ander naasbestaandes.

- **Mnr Henkie Viljoen** (60), broer van ds PF (Frikkie) Viljoen (emeritus), is Sondagaand 19 Februarie oorlede weens komplikasies na 'n heupoperasie. Reëlings vir die begrafnis is nog nie gefinaliseer nie, maar die diens sal waarskynlik in Secunda plaasvind. Ds Viljoen kan by 082 906 7774 gekontak word vir meer inligting. Ons innige simpatie gaan aan ds Viljoen en hul familie.

- Ons innige simpatie gaan ook aan mnr Japie en mev Tessa Oppermann met die afsterwe van Japie se oudste broer, **Chris Oppermann** (87), op Vrydag 17 Februarie weens hartversaking. Aan die einde van November 2022 was albei broers (oudste en jongste) in die hospitaal met hartprobleme – Japie in Midstream Mediclinic met 'n dubbele hartaaromleiding, en Chris in Linmed, Benoni, met hart- en nierversaking.

- **Ds CG (Chris) Liebenberg** het laat weet dat Sikloon Gabrielle **Hawke's Bay in Nieu-Seeland** hard getref het, en dat groot dele sonder water en krag is. Die lidmate van Gemeente Hawke's Bay is gelukkig ongedeerd.

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Maart, en word hartlik geluk gewens:**

    - Donderdag 23 Februarie: Dr EH (Estelle) Dannhauser (62) (siekte-emeritaat) en ds N (Natasha) Smit (29) (Barberton/Nelspruit)
    - Vrydag 24 Februarie: Dr AG (André) Ungerer (63) (HTK), di JH (Jan) Prinsloo (81) (emeritus) en JD (Daniel) Steinmann (62) (Windhoek)
    - Saterdag 25 Februarie: Di H (Hennie) Aucamp (74) (emeritus) en CB (Bernard) Prinsloo (35) (Onverwacht)
    - Sondag 26 Februarie: Ds M (Monja-Lize) van Belkum (44) (Seestergemeente Brackenhurst)
    - Dinsdag 28 Februarie: Di A (Anneline) Geyer (48) (Kempton Park-Oos), HP (Herman) Meyer (46) (Carletonville) en A (Aniena) Jansen van Rensburg (35) (verjaar eintlik 29 Februarie) (Leeudoringstad)
    - Woensdag 1 Maart: Ds Y (Yolandé) de Lange (40) (El-Flora)
    - Donderdag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (71) (emeritus) en EG (Etienne) Fourie (65) (Kempten)

## Gemeentes en bediening



Is jy,
of iemand wat jy ken
deel van die
Semi-grasie?

**Ons wil jou graag verwelkom en help tuis voel in die KAAP**

Kontak ds Leanie Lemmer van NHK Bellville by
hervormersindiekaap@gmail.com



Ds Marius Bacon

- **Ds M (Marius) Bacon** (emeritus / Rust der Winter) het ’n beroep ontvang na Delareyville. Hy het die beroep aanvaar en word op 16 April daar bevestig; hy aanvaar reeds aan die begin van April diens in Delareyville.

- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeentelede wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto’s, staaltjies en gebeure waaroor hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos (**frikkiesan@gmail.com**). Baie dankie by voorbaat!

- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

  **Gemeenteprofiel:** Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het ’n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo ’n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

  **Versorging:** Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

  **Aansoeke: Aansoeke sluit op 17 Maart 2023** en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oudl DJ (Dirk) Harmse (**djharmse@gmail.com**).

  **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

  Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

  Vir enige navrae, kontak oudl Dirk Harmse by 082 921 0477.

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

  Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

  **Gemeente:** Die gemeente dink met ’n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met ’n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op ’n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is ’n pastorale gemeente.

  Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke ’n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

  Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir ’n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir ’n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

**Aansoeke sluit op 27 Maart 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by **nhkswellendam@gmail.com**. Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings

- Donderdag 23 Februarie: Pensioenraad
  Ons Tuis Direksie
  Rata Bestuur
- Vrydag 24 Februarie: Raad van Finansies
- Saterdag 25 Februarie: Kommissie van die ADV
- Dinsdag 28 Februarie: NHSV Studieleningskomitee
- Maandag 1 Maart: Direksie van die Kinderhuise

## Teologiese Opleidingsfonds

**Die Teologiese Opleidingsfonds sê baie dankie vir waardevolle bydraes.** Baie dankie aan ringe, kerkrade, NHSV takke en individue wat 'n waardevolle bydrae tot die Teologiese Opleidingsfonds gemaak het in die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2023 sluit. U bydrae help ons om studente te ondersteun in hul teologiese studies.

Ek verskaf graag die Fonds se bankbesonderhede indien daar nog skenkings gemaak wil word. Byvoorbaat baie dankie daarvoor.

Teologiese Opleidingsfonds
ABSA Bosmanstraat
Rekeningnommer: 4048632649
**Vir enige navrae, kontak my:**
Peet Esterhuizen, Fondssekretaris
**5essies@telkomsa.net /** 082 764 2622

**Ds Peet Esterhuizen**

## Kerklike publikasies







- In die **2023 Somer-uitgawe van *Vroueflitse*** brei die NHSV verder uit met twee opbouende artikels rakende ouerskapbetrokkenheid en geestesgesondheid. **Ds Janine Bevolo-Manders** gee raad aan ouers in *Hoe kry ek my tiener deur die "dramajare"?* deur praktiese riglyne te gee rakende tienergedrag gedurende hul adolessensiejare. **Mev Mari-lizé Beukes** vertel in *Selfvertroue begin by selfondersoek* hoe ons geestesgesondheid 'n belangrike hupstoot kry wanneer jy by selfondersoek die verskillende areas verken om jou selfvertroue te bou wat tot jou voordeel is in alle aspekte van jou lewe. Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**

- Die NHKA se ***Almanak 2023*** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die ***Bybelse Dagboek*** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.

- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur** na **annelie.botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by **https://nhka.org/die-woord/preke/**.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## 'n Gedig

**Gebed aan Khoeb**

Khoeb! Khoeb! Luister: Jy –
jy wat in die bloed van
die sononder bly:

Laat dit reën tot die tsammas
in die veld hoogspring!

Ons sal môre vir jou sing
soos die Namib brom,
ons sal dans soos die
wildebeesbul nek gekrom,
ons sal koer-koere en
agôrtjies vir jou bring –
as ons kry!

Khoeb! Khoeb! Hoor jy! –
Jy wat in die bloed van
die sononder bly:

Hoor jy?

**Abraham Fouché**
(Uit: *Weeskinders van die hemelgod*, 1967)

## Toerusting

- **Gratis Ouerbegeleidingskursus**
  **NHKA Centurion-Oos, Napierweg 103, Lyttleton**
  **Tema:** ***Hoe leer ek my kind waardes?***
  Gefokus op ouers van voorskoolse en laerskoolkinders
  Kom luister, leer en gesels saam!
  Voorsiening vir versorging van kinders gedurende aanbieding
  Vir meer inligting, kontak Jaco Beyers by 083 417 5803
  Woensdag 1 Maart om 19:00 by die kerk

- **Die Millenniërgesprek**
  *Wat die ruspes laat oorbly het, het die treksprinkane opgevreet; wat die treksprinkane laat oorbly het, het die voetgangersprinkane opgevreet, wat die voetgangers laat oorbly het, het die kaalvretersprinkane opgevreet* (Joël 1: 4, AFR2020). Wat het die sprinkane in Joël, die Millenniërs en die NHKA met mekaar gemeen? Verstommend baie! Kom vind uit deur die volgende bekendstellingsgeleenthede by te woon:
  **Dinsdag 7 Maart om 09:00 en 19:00**
  **Dinsdag 14 Maart om 19:00**

Topic: VTT/VTK Bekendstelling: Millenniër gesprek
Time: Mar 7 en 14, 2023 09:00 Harare, Pretoria

Join Zoom Meeting
**https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09**

Meeting ID: 942 768 9935
Passcode: SGB

## Barmhartigheid

- **Storie van hoop** van een van Rata Maatskaplike Dienste se **pleegdogters**: "Die diamant-skynende skoon seewater en 'n lekker roomys is verskrikkelik lekker. Beter as om in 'n huis te sit met bakleiery. Dit was een van die beste vakansies wat ek nog ooit gehad het. Daar was glimlaggies eerder as huil gesiggies. Lekker gesels eerder as net gillery. Vir die eerste keer weet ek hoe 'n familie funksioneer, eerder as 8 verskillende mense wat in verskillende rigtings gaan en nie eers vir jou 'Geseënde Kersfees' sê nie. Dit is nie bloedfamilie nie, maar 'n hartfamilie wat my aanvaar vir wie ek is. Ek hoef nie iemand te na-aap om in te pas nie. Dis mense wat my liefhet en mense by wie ek veilig voel. Hulle hou my vas en vat my orals saam. Die afgelope vakansie was ons eerste vakansie saam met my nuwe 'skoonsussies en boetie'. Ons het as familie dinge gedoen, saam gaan eet, saam gaan swem en 'n paar slukke seewater gesluk. Ons het saam hande vas gehou en gebid en net geweet dat ons toekoms in die Here se hande is. Dit is die tipe goed wat 'n kind wat sonder 'n mamma en pappa is, na smag! Ek is die Here ewig dankbaar vir my nuwe familie."

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen.
  Semiversorgend: R6 180
  Verswakte bejaardes: R6 720
  **Woonstelle (selfversorgend)**
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830
  Eenslaapkamer: R4 500
  Tweeslaapkamer: R6 070
  Kontak ons bestuurder vir enige navrae
  Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 **manager@belfastrusoord.co.za**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamer-geriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsameling

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir geregtigheid

Die wêreld roep gedurig om geregtigheid –
vanuit die tronke,
van die strate af,
vanuit die storms...
Mense smag na regverdigheid –
dié wat verwaarloos en misgekyk word,
dié wat as vreemdelinge verwerp word.
Vader, help ons –
bewaar ons van afgestomptheid,
veroordeling,
onverskilligheid.
Mag die desperate roepstemme
ons uiteindelik oortuig
om te luister, te leer, en op te tree.
Amen.

#40wordprayer
@breyeschow

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk